# Die Geskiedenis van die Eerste Openbare Biblioteek in Suid-Afrika

deur

MEJ. C. B. VAN WYK

DIE eerste openbare biblioteek in Suid-Afrika het in die helfte van die agttiende eeu ontstaan uit die nalatenskap van 'n versameling boeke van 'n sekere Joachim Nicolaus Von Dessin, in lewe sekretaris van die weeskamer.

Von Oessin is in 1704 in Rostock in Duitsland gebore uit 'n ou adellike Duitse familie.[1] As jong seun was hy page en latr kamerjonker aan die hof van die Markgraaf van Brandenburg. Nadat sy planne om 'n geleerde te word verydel is, begeef hy hom in 1726 in die diens van die V.O.C. en in November van dieselfde jaar vertrek hy na die Kaap die Goeie Hoop waar hy in Maart 1727 aankom. Die eerste twee jaar van sy verblyf bring hy as 'n gewone soldaat deur maar in 1729 word hy bevorder tot assistent op die „sekreterye van Justitie". Van nou af sou hierdie Duitse edelman die stil lewe van 'n gevestigde Kaapse burger voer. Op 10 Desember 1730 is hy getroud met die dogter van die Kaapse bakker, Christina Ehlers en ongeveer 'n jaar later is hulle enigste kind, 'n dogtertjie, gebore. In 1737 is hy aangestel as sekretaris van die weeskamer met die rang van boekhouer. Hierdie pos het hy onveranderd tot sy dood in 1761 beklee, behalwe vir sy bevordering tot onderkoopman in 1743. Met sy dood laat hy sy hele groot boekery aan die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk na met die uitdruklike versoek dat dit tot die beskikking van die algemene publiek gestel moet word.

Von Dessin was 'n bibliofiel in die egte sin van die woord. Hy skryf self aan 'n sekere Westerhof in Nederland dat hy „een seer groote liefhebber van goede boeken soos geestelijke als historische ben." Hy was goed opgevoed en 'n liefhebber van die wetenskap. Dat hy sy studies sistematies voortgesit het is te betwyfel, maar dat hy homself altyd graag in die diens van die wetenskap wou stel, staan vas. Ons kan hom saam met sy vriend Moritz 'n „echte Gelehrtennatur" noem.[2]

Von Dessin se boekery, wat later die eerste Suid-Afrikaanse openbare biblioteek sou word, is deur hom op hoofsaaklik twee maniere opgebou en aangevul. Eerstens het hy tweedehandse boeke by Kaapse families aangekoop en veral by vendusies van afgestorwe boedels. In tye van groot sterfte, soos met die pokke-epidemie wat die Kaap in die eerste helfte van die 18de eeu getref het, „Mr. Dessin constantly purchased at a low price the books on sale".[3]

(1) Franken, J. L. M.: „'n Kaapse huishoue in die 18e eeu uit Von Dessin se briefboek en memoriaal" (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, jrg. 3, 1940, dl. I), p. 1, waaruit ook die volgende gegewens verkry is.

(2) Ibid., p. 68, 70.

(3) Bird, William Wilberforce: „State of the Cape of Good Hope in 1822", (Londen, Murray, 1823), p. 151.

Dat hy sy hoogs verteenwoordigende versameling egter uitsluitlik opgebou het uit die boekerye van die relatief onontwikkelde Kaapse burgers, is onwaarskynlik en daar kan met sekerheid aangeneem word dat hy in kontak was met persone in Europa wat hom van tyd tot tyd van nuwe aanwinste voorsien het. So weet ons dat hy aan die bogemelde Westerhof 'n versoek gerig het om goeie boeke vir hom aan te koop.(4) In sy testament maak hy ook melding van 'n sekere Daniël Pels wat blykbaar taamlik gereeld boeke aan hom gestuur het.(5)

Heel dikwels, soos wat 'n mens kan verwag, het hy boeke as geskenke gekry. 'n Voorbeeld van so 'n geleentheid was toe hy in 1755 van Jan Tileman en Jacobus Janson 'n aantal boeke present gekry het. Verder het hy ook tydskrifte soos die „Europische Mercurius" en „De Boekzaal van Europa" uit Nederland ontvang.(6)

Wat die waarde van sy boekeversameling betref bestaan daar verskillende menings. De Jongh skryf in sy „Reizen" dat die „getal van boeken groot genoeg is, maar de werken zelve beter uitgezocht konden wezen . . . . "(7) terwyl stavorinus selfs bitsig is in sy opmerking dat daar „weinige en nog minder goede boeken gevonden worden".(8) Egbertus Bergh berig weer dat die boekery uit „duizenden delen in allen talen en faculteiten"(9) bestaan en ons weet vandag dat daar uiters seldsame en baie nuttige werke in die versameling teenwoordig is. Daar is onder andere 'n eerste uitgawe van Van Linschoten se Itinerario terwyl die reisbeskrywings van Houtman, Kolbe, Valentyn, Dapper en De Graaf hulle ook in die versameling bevind. Die waardevolste stuk in die boekery is egter 'n kopie in die handskrif van Von Dessin self van 'n deel van die dagboek van Adam Tas.

Behalwe boeke het Von Dessin ook nog munte versamel wat later in die hande van die Kerkraad gekom het. Saam met sy boekeversameling het hy ook „alle Mathematische en Astrologische Instrumenten, mitsg: ook alle de beste mijner schilderijen in volle kleure van den Eerwaarden Kerkenraad" aan laasgenoemde bemaak.(10)

Die doel waarmee Von Dessin sy versameling aan die kerkraad nagelaat het word baie duidelik in sy testament gestel: „dat deeze mijne hier voorenstaande vermakinge sal strecken tot een grondslag van eene publicque Bibliotheeq, ten nutte van 't algemeen . . . "(11) Deur hierdie woorde word sy nalatenskap nie alleen aan die Kaapse kerkraad 'n skenking nie, maar aan die hele volk. Dit is ook duidelik dat Von Dessin deur sy erflating 'n Suid-Afrikaanse biblioteek-tradisie wou skep. Die biblioteek wat hy in gedagte gehad het moes, soos sy bogemelde woorde beklemtoon, tot „nut van 't algemeen" wees — d.w.s. 'n openbare biblioteek. Verder spreek hy in sy testament die wens uit dat vakmanne op elke gebied deur die biblioteek bedien sou kon word. Nog

(4) Franken, p. 68.
(5) Testamente 1761, M.O.O.C. 7/15.
(6) Franken, p. 68.
(7) De Jong, Cornelius: „Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de jaren 1791 tot 1797, dl. I. (Haarlem, Bohn, 1802), p. 114.
(8) Stavorinus, J. S.: „Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in die jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI. (Leiden, Honkoop, 1793), p. 130
(9) Franken, p. 76.
(10) Testament.
(11) Ibid.

'n belangrike rigting wat hy in sy testament aandui, vind ons in sy bemaking van 1,000 riksdaalders aan die Kerkraad om gereeld die boekevoorraad aan te vul. Hy het dus daaraan geglo dat 'n biblioteek die neerslag van die menslike denke moes wees en dat dit derhalwe saam met die wetenskap moes groei.[12]

Die versameling, bestaande uit 2,597 werke in 4,565 bande, is deur die publiek sonder veel geesdrif ontvang en dit is miskien daarom dat sy verdere geskiedenis so stil verloop. Aanvanklik het die Kerkraad sy verpligtinge t.o.v. die biblioteek stiptelik nagekom. Op 13 Oktober 1761 rig hulle 'n versoek aan die Politieke Raad om hulle geldelik te steun met die oprigting van 'n geboutjie om die boekery te huisves. Die versoek is toegestaan met die vergunning dat die boumateriaal teen kosprys aan hulle verskaf sou word.[13] Aan die bouplanne is egter nie dadelik uitvoer gegee nie, want in Junie 1762 stel die Kerkraad op 'n vergadering voor om die kostershuis op 'n publieke veiling te verkoop en die grond waarop dit staan vir 'n biblioteekgebou te gebruik.[14] Op 6 Augustus 1764 is die eerste bibliotekaris, ds. F. Bode, aangestel. Aan Von Dessin se versoek dat boeke gereeld aangekoop moet word is ook gehoor gegee. Op 12 Februarie 1765 besluit die Politieke Raad om volgens 'n versoek van die Kerkraad boeke transportvry uit Nederland op die Kompanjie se skepe na die Kaap te vervoer, en besluit om dienooreenkomstig 'n versoek aan die Here Sewentien te rig.[15] Op 27 Januarie 1767 kom daar 'n soortgelyke versoek van die Kerkraad om boeke wat hulle by 'n sekere Jan ten Houten in Amsterdam gekoop het transportvry te laat vervoer.[16]

Die biblioteek is Woensdae van 1 tot 4 vir die publiek oopgestel[17] maar later is persone slegs op aanvraag toegelaat — blykbaar omdat daar maar min belangstelling was.[18] De Jongh tref in 1791 nog die predikant, ds. Serurruer, as bibliotekaris aan,[19] maar latere reisigers berig dat selfs die Kerkraad hulle onverskillig teenoor die biblioteek gedra.[20]

Vroeg in die agtiende eeu het die versameling se bestaan as onafhanklike biblioteek ten einde gekom. Op 'n vergadering gehou deur die Kerkraad op 18 September 1820 is besluit om die boekery te skenk aan die South African Public Library wat pas deur die beywering van lord Charles Somerset opgerig is.[21] 'n Baie onvolledige katalogus is opgestel deur ds. Manger en pastoor Kaufmann en het in 1821 verskyn. Van nou af sou die versameling deel uitmaak van 'n groter geheel, waarvan Wilberforce Bird in 1822 berig: „There is a public colonial library, lately erected by government, and handsomely fitted up, both in point of taste and uitility."[22]

(12) Vergelyk: Coetzee, P. C.: „Die nalatenskap van Von Dessin", Historiese Studies, jrg. 3, no. 2. 1942.
(13) Resolutien, C. 53, p. 542 (1765).
(14) Franken, p. 78.
(15) Resolutien, C. 57, p. 176 (1767).
(16) Resolutien, 1767, Dinsdag 27 Januarie.
(17) De Jong, Reizen . . . , p. 114.
(18) Franken, p. 76.
(19) De Jong, Reizen . . . , p. 114.
(20) Franken, p. 76.
(21) Ibid., p. 79.
(22) Bird. „State . . .", p. 151.